**DIE ONVERVALSTE MELK VAN DIE WOORD?**

Daar staan in die Skrif dat gelowiges soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord moet verlang, sodat hulle kan groei en sterker word in die geloof. Dit klink baie maklik, maar daar is twee probleme: (1) Die Woord wat aan gelowiges voorgehou word (van die kansels af, oor die media, selfs in moderne vertalings van die Skrif), is nie meer heeltemal "onvervals" nie, en (2) Die mens is van nature nie so gemaklik daarmee om die "onvervalste melk" van die Woord in te neem nie, want dit bots teen sy eie aard, sy eie aspirasies en sy eie tradisies. Wat dus veronderstel is om die "onvervalste melk" van die Woord te wees, is in sommige gevalle die "verdunde en versoete melk" waarmee gelowiges gepaai en gepamperlang word en in ander gevalle die "ongewenste melk" wat mense nie wil hoor nie, omdat dit hulle gemaksones versteur.

WAT SÊ DIE WOORD OOR DIE WOORD?

Die Woord van Yahweh is ewig en staan vas in die hemele (Ps 119:89); die hele inhoud van sy woord is waarheid (Ps 119:160) - daarom is sy Woord 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad (Ps 119:105). Die Woord is lewend en kragtig en skerper as 'n tweesnydende swaard (Heb 4:12) en word beskou as die swaard van die Gees waarmee ons die stryd teen die Bose kan aanpak (Efes 6:17). Die Woord van Yahweh is die saad wat die proses van wedergeboorte in ons laat plaasvind (1 Pet 1:23). Dit is die Woord wat ons wys maak tot saligheid (2 Tim 3:15) en ons vir elke goeie werk volkome toerus (2 Tim 3:17). Ons word opgeroep om nie net die woord van die lewe vas te hou nie (Fil 2:16), maar ook soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord te verlang, sodat ons daardeur kan opgroei (1 Pet 2:2).

DUS:

Die Woord is konstant ... en verander nie soos wat mense en omstandighede verander nie
Die Woord is betroubaar ... en gee antwoorde vir diegene met moeilike vrae en keuses
Die Woord is gesaghebbend ... en het besliste seggenskap in die lewens van gelowiges
Die Woord is kragtig ... en het potensiaal om gewone mense se lewens radikaal te verander

EN TOG ...

Is daar talle mense wat na die Woord luister en dit bestudeer, maar dit verander nie hulle lewens nie

WAT IS DIE VERBAND TUSSEN DIE WOORD EN DIE WAARHEID?

Ps 119:160 "Die hele inhoud van u woord is waarheid"
Joh 17:17 "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid"
Joh 1:14 "Die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon ... vol van genade en waarheid"
Joh 8:31,32 "As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak"

DUS:

Die Woord van Yahweh is die waarheid wat ons nodig het om as vervulde mense te lewe
In die geskiedenis het hierdie Woord Skrif geword en Vlees geword
Daar is geen teenstrydigheid tussen die Woord wat Skrif geword het en die Woord wat vlees geword het (d.w.s. Y'shua) nie.
As ons beide die geskrewe en die vleesgeworde Woord aanvaar, sal ons die waarheid ken en hierdie waarheid sal ons vrymaak

EN TOG ...

Is daar talle wat sê dat hulle Christene is, maar dit lyk nie of die waarheid hulle vrygemaak het nie

IS DIE WOORD WAT VOORGEHOU WORD, ALTYD DIE WAARHEID? (HOE "ONVERVALS" IS DIE WOORD NOG VANDAG?)

Daar word verkondig (en dit staan so in die meeste moderne vertalings) dat ons Elohim se Naam "HERE" is, terwyl die oorspronklike Skrifte op byna 7000 plekke sê sy Naam is "Yahweh".
Daar word verkondig dat die Messias se Naam "Jesus" is, terwyl dit duidelik is dat die Naam wat die engel aangekondig het en waarby almal Hom geken het, die Naam "Y'shua" is.
Daar word verkondig dat die eerste dag van die week ons dag van aanbidding en van rus moet wees, terwyl die Skrif dit pertinent stel dat die sewende dag, of die Sabbat, hiervoor afgesonder is.
Daar word verkondig dat die Messias 'n nuwe geloof tot stand gebring het, terwyl die Woord net weet van een geloof - gebou op die fondament van die Skrifte en bevestig deur die getuienis van Y'shua.

Daar word verkondig dat Kersfees en Paasfees die 2 belangrikste "Christelike" feeste is, terwyl die Woord sê daar is 7 ander feeste wat gevier moet word en niks weet van Kersfees of "Easter" nie.
Daar word verkondig dat babatjies wie se ouers gelowiges is, gedoop moet word, terwyl die Skrif onomwonde sê slegs diegene met berou oor hulle sonde en geloof in die Messias moet gedoop word.

Daar word verkondig dat Y'shua die wet beëindig het, terwyl Hy self gesê het dat Hy nie gekom het om dit te beëindig nie en dat mense wat so iets verkondig nie gereken sal word in sy koninkryk nie.

Daar word verkondig dat ons 'n "Drie-enige God"• aanbid, terwyl die Skrif so 'n begrip nie ken nie en sê dat die Elohim wat ons aanbid is net EEN.

Daar word verkondig dat gelowiges wat sterf, onmiddellik hemel toe gaan, terwyl die Skrif sê hulle "slaap" tot met die opstanding wanneer die Messias weer kom.
Daar word verkondig dat daar voor die wederkoms 'n "wegraping" van gelowiges gaan plaasvind, terwyl die Skrif sê die Messias sal eers na die finale verdrukking verskyn om sy volgelinge te versamel.

DUS:

Die "woord" en die "waarheid" wat vandag aan mense voorgehou word, is in baie gevalle so totaal verskillend van die oorgelewerde Woord van Yahweh dat dit nie meer die waarheid is nie en daarom ook nie mense sal vrymaak nie.

IS DIE "ONVERVALSTE MELK" VAN DIE WOORD MAKLIK OM TE DRINK?

"So het julle dan die gebod van Elohim kragteloos gemaak ter wille van julle oorlewering (tradisie)" Matt 15:6
"Julle verstaan dit goed om die gebod van Elohim opsy te sit en so julle oorlewering (tradisie) te onderhou" Mark 7:9
"As Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie? Die wat uit Elohim is, luister na die woorde van Elohim. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit Elohim is nie" Joh 8:46,47
"Wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen Elohim is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van Elohim nie, want dit kan ook nie" Rom 8:6-7
"daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels" 2 Tim 4:3,4

DUS:

Die Woord sê uitdruklik dat daar (veral in die laaste dae) 'n rebelsheid teen die waarheid sal wees en dat mense na allerhande metodes sal gryp om die waarheid van die Woord te probeer omseil.

Jy staan vandag voor die uitdaging om nie langer die "verdunde" of "versoete" of "vervalste" melk te drink wat vandag so algemeen "beskikbaar" is nie, maar (dalk vir die eerste keer in jou lewe) soos 'n baba sterk te verlang na die onvervalste melk van die Woord ...